**Skriflesing:** Klaagliedere 3:18-33
**Tema:** Twyfel is deel van geloof.

Voor ons die verse lees, net gou die volgende oor Klaagliedere 3 se lied en ook iets oor die geskiedenis.

Klaagliedere 3 is ‘n akrostiese gedig. Dit beteken dat elke strofe met volgende letter van die Hebreeuse alfabet begin. Dit word so aangedui in die die Ou Vertaling Bybel. Einlik kan mens nie Klaagliedere 3:18-33 preek sonder om hele gedig te bestudeer nie.

In Klaagliedere 3:1-16 word vertel van klop slegte goed wat iemand aan die klaer gedoen het.

Dan volg die ontstellende ontdekking dat dit God is wat die klaer so laat swaarkry. Die ellende waarin die verteller-bidder hom bevind is uiters belangrik omveral die impak van Klaagliedere 3:22-33 te voel.

Klaagliedere 3:22-33 is die draaipunt: dáár verander die uitsigloosheid van vers 1-18 in die hoopvolheid van die verse wat later volg.
Dit is omdat in Klaagliedere 3:22-33 die verteller se perspektief van homself en sy situasie na God verskuif, dat hy in vers 29 kan sê: "Miskien is daar hoop.” Dit wat die lied aan betref

Ons kyk gou na die geskiedenis van die volk in hierdie tyd. Israel was 'n voorspoedige volk en het die tempel gereeld besoek. In die tempel het hulle gehoor dat God aan hulle kant is en dat Hy hulle nooit in die steek sal laat nie Hulle was oortuig dat dit waar is want daar was hulle land en stad, hulle tempel en hulle koning. Dit was alles simbole van hulle identiteit, trots en geloof.

Toe word alles van hulle weggeneem. Nebukadnesar se leërs oorwin die onoorwinlike stad Jerusalem in 586vC. Die tempel word afgebreek en die koning en ‘n groot deel van die volk word van die land af in ballingskap in boeie weggevoer. Nou was daar vir hulle geen sigbare bewys meer oor dat God goed is nie.

Boonop was in daardie tyd geglo dat die gode van die nasie wat 'n ander nasie militêr kon oorrompel, vanselfsprekend sterker is as die gode van die oorrompelde nasie. Met ander woorde Marduk van Babilonië moes sterker wees as die God van Israel.
Die volk is gekonfronteer met 'n situasie waarvoor hulle verstaan van God hulle nie voorberei het nie. God is so anders is as wat hulle geglo het dat Hy is. Daarom is hulle hoop aan die verdwyn en twyfel hulle. Eintlik is elke gelowige Israeliet in 'n geloofskrisis gedompel.

Voor ons verder gaan net gou 2 vrae aan elkeen hier: “Wie van julle gelowiges?” en “Wie van julle het al al getwyfel? Ons beleef ook krisisse. Ons beleef hartseer en teleurstelling, onsekerheid by die werk of wat ons finansies of gesondheid aan betref. Ons verhoudings lei skipbreuk en dan twyfel ons as kinders van die Here.

Klaagliedere 3:22-33 is die draaipunt verse wat van wanhoop na hoop en twyfel na groter sekerheid beweeg.

In Klaagliedere 3:18 het die klaer gedink dat dit klaar is met hom en sy hoop op die Here. Hy verwag niks meer van die Here nie. Hy word bitter wanneer hy aan sy pyn en hartseer dink. Maar dan kry hy weer hoop. Hoe gebeur dit met hom en hoe kan dit met my en jou gebeur?

Toe daar om en voor die klaer geen skrefie lig meer is en alles uitsigloos lyk, kyk hy terug. En sy terugkyk, skep vir hom ‘n nuwe vooruitsig.

**Geloof is om vorentoe te leef en om soms terug te kyk.**
Daar was tye toe dit moeilik met God se volk gegaan het omdat God hulle gestraf vir die sonde waarin hulle hardnekkig volhard het.
Klaer kyk terug daarna en onthou:

1. Lyding beteken nie verwerping nie. Hulle het God gelos. Hy het hulle nooit gelos nie. Hulle is soos klei in die Pottebakker se hande. Hy los hulle nooit en vorm en maak hulle soos Hy wil.
2. God se genade is altyd groter as sy tug. Dit is vir Hom geen plesier om die volk te straf vir hulle sonde nie. Die woord tug beteken om nader te trek. En dit is presies wat die Here doen. Deur tug trek Hy sy volk nader aan Hom en sy wil.

Die klaer kyk terug en sien dat die volk se sonde gemaak het dat God hul in Egipte laat beland het. Dieselfde God keer dat hulle uitgewis word en bevry sy volk van die verdrukkers waaraan Hy hulle onderwerp het. God se hulp in verlede, gee die klaer hoop vir die toekoms.

Die klaer kyk terug en besef dat die feit dat hy nog leef, nie verdien is nie. Dit is aan die liefde van God te danke. Hy hou nooit op om vir ons om te gee nie. Sy omgee is elke keer wat die son opkom, weer nuut. Die klaer kyk terug op die liefde van die Here wat te groot is om te verstaan en daarop volg sy geloofsbelydenis in Habakuk 3:24-26:
24 Ek sê vir myself: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom.
25 Die Here is goed vir wie op Hom bly hoop, vir die mens wat na sy wil vra;
26 dit is goed om geduldig te wag op die hulp van die Here;

**Geloof is om soms terug te kyk en hoop uit God se verlede met ons te put.**
**En geloof is geduldig, veral in tye van kla.**
Daar is tye wanneer ekself en die mense rondom my niks aan ‘n saak kan doen nie. Dit is tye van stilword, van wag op Here. “Dit is goed om geduldig te wag op die hulp van die Here.” Hierdie wag is ‘n aktiewe wag waarin ek besig bly met sy Woord, gebed en my worstelpad saam met ander loop.

**Geloof is ook om God, God te laat wees.**
Ons moet oppas om God in maklik verstaanbare blokkies te probeer indruk. Ons Redder is is ook ons Regter en die God wat straf is ook die Een wat red.
Maar altyd is die onverstaanbare God die genadige God. Hy is bo verwagting betroubaar en goed. Hy is en bly in beheer. In Daniël 2:21, onder beheer van ‘n vreemde heidense keiser, bely die jongman Daniel in Babiloniese ballingskap so mooi: “dit is Hy wat konings afsit en konings aanstel.”

Deur swaarkry en twyfel ontdek die klaer opnuut wie God, ook in sy haaglike omstandighede, is.
Hy bely in Klaagliedere 3:31-33:
31 Die Here verstoot 'n mens nie vir altyd nie;
32 as Hy beproewing oor 'n mens gebring het, ontferm Hy Hom weer, want sy liefde is groot:
33 dit is teen sy sin dat Hy mense in ellende en beproewing bring.

**Afsluiting**
Geloof is om alles te weet en van alles seker te wees. Geloof is om nooit te twyfel nie. Dit is nie waar nie.
Geloof is om soms oorhoops te wees met God. Geloof is om in die onbekende God vas te loop. Ons God wat mag het om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink. (Efes 3:20)
Geloof is om in die tyd van twyfel geduldig op dié seënende God te wag en te weet dit in sy aard is om op te daag.

Geloof is om in jou onseker, twyfel en terwyl trane oor jou wange loop, terug te kyk en 'n leë kruis te sien. 'n Leë kruis waar my Heiland bewys die liefde wat Hy vir my het, daar is alles voldaan en die vyand verslaan daar word ek van sonde gered. (Halleluja 80)

Geloof is om terug te kyk na pad wat God tot hier met my geloop het en te onthou dat ten midde van swaarkry is daar hoop vir vandag en vir môre. Deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie. Daar is geen einde aan sy ontferming nie. Dit is elke môre nuut.
Amen